# NG Kerk
## Kerkjaarkalender 2020



Advent beteken letterlik 'koms'. Ons leef opnuut in die wonder van die menswording van Christus.

### Advent
**Jesaja 9:5**
Vanaf 1 Desember 2019
**Purper & Koningsblou**



Dink aan Jesus se koms in die gestalte van 'n baba, maar ook aan sy tweede koms – wederkoms.

### Kersfees
**Joh 3:16**
25 Desember 2019
**Wit & Goud**

Ons dink aan Christus se lewe hier op aarde (Sy doop, leringe, doen en late) tot en met Hy die lydenspad begin loop het.



### Epifanie
**Fil 2:5-11**
1 Januarie 2020
**Groen**

Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig, deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Paasfees.

Ons dink terug aan die **verheerliking** van Jesus Christus op die Berg. Hier was die Godheid en Koningskap van Jesus Christus reeds sigbaar.

Hierdie verheerliking het Jesus Christus se lydenstyd ingelei.



### Lydenstyd - Verheerlikingsondag
**Matt 17:1-8**
23 Februarie – 5 April 2020

Tydens Aswoensdag het ons **berou en doen skuldbelydenis.** Dit is deel van ons hertoewyding aan God.



### Lydenstyd - Aswoensdag
**Ps 103:1-4**
26 Februarie 2020

### Lydenstyd - Palmsondag
**Sagaria 9:9-10**
5 April 2020



Op Palmsondag word Jesus Christus se intog in Jerusalem herdenk. Palmtakke en kruisies wat uit Palmblare gemaak is, speel tradisioneel 'n groot rol in die viering van hierdie dag.



### Paasfees - Heilige Donderdagaand
9 April 2020

Die laaste ete (Avondmaal) van Jesus met sy dissipels word herdenk, gewoonlik met die viering van die Nagmaal. Ons prys die Here wat die lig vir die wêreld is. Ons dink aan Christus se bittere lyding. Ons noem dit vandag Lydensnagmaal.

Die dag waarop ons die kruisiging van Jesus Christus herdenk.



### Paasfees - Goeie Vrydag
**Luk 24:5-7**
10 April 2020
**Dieprooi en Swart**



### Paasfees - Stil Saterdag
11 April 2020
**Helder, Goud, Wit**

Op hierdie dag dink ons aan Christus in die graf en daarom is dit 'n dag van stille afwagting. Die stilte is nie sonder passie nie, maar vol van gespanne afwagting op die uitkoms van Christus se worsteling met die dood.



### Paasfees - Sondag
12 April 2020
**Helder, Goud, Wit**

Van die vroegste tye het gelowiges mekaar op hierdie Sondag met hierdie woorde gegroet: **"Die Here het waarlik opgestaan!"** Moenie hierdie woorde vandag net herhaal nie, maar lewe dit soos Jesus!



### Hemelvaart
**Hand 1:11b**
21 Mei 2020

Hemelvaart herinner ons aan die voltooidheid van Jesus se Verlossingswerk op aarde. Hy vaar op om aan die regterhand van God die Vader te regeer en verseker daardeur dat ons saam met Hom sal regeer.

Dit is 'n tyd waar die werk van al drie Persone en God gevier word: agter alles staan God as Vader, as Skepper en Herskepper wie se verlossingsplan deur Christus en die Gees waar word.



### Pinkster
**Hand 1:8**
21 - 30 Mei 2020
**Rooi en Goud**



Die tydperk na Pinkster - tot en met Advent - is as 'gewone' tyd / **Koninkrykstyd** bekend.

### Koninkrykstyd
**Fil 1:27**
Junie - November 2020
**Groen**

Visuele konsep voorstelling van kerkjaarkalender deur NGK Durbanville-Bergsig ©
Bel 021-976 4106 (x107) met navrae.
Ontwerp: Design A Print
Kerkjaarkalender ook beskikbaar vir gebruik deur ander met nodige erkenning.